

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 20 Jun 2018
Page: 8

AVE: 11333.22
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

# Verlore aansien vir Naka op die spel

**Morris Gilbert**

Dit sal baie interessant wees met watter agenda die eerste spanne van Naka Bulle en Rustenburg-Impala hul herontmoeting in die tussen-provinsiale Superliga Saterdag gaan benader.

Wat ook al in die laaste drie naweke in die uitdunfase van die Superliga gebeur, kan niks verander aan dié twee spanne se halfeindronde-status nie.

Hulle is reeds verseker van hul plekke onder die topvier en al wat nog bepaal moet word, is wie tweede en wie derde eindig. Naka is tans tweede met 48 en Impala derde met 42 punte, albei ná 11 wedstryde.

Saterdag se herontmoeting is dus vir alle praktiese doeleindes die voorspel tot die halfeindronde op Saterdag 4 Augustus op Loftus Versfeld B en daarom vir albei spanne 'n gulde geleentheid om 'n belangrike sielkundige voordeel te behaal.

In die ooreenstemmende kragmeting in die eerste ronde het Impala op 21 April deeglik van sy tuisveldvoordeel gebruik gemaak en sewe drieë teenoor ses in die sege met 58-43 gedruk. Dit was slegs Naka se tweede nederlaag van die seisoen en boonop ook sy grootste nadat hy in Februarie in die eerste naweek van Superliga-aksie met 34-31 deur UP-Tuks geklop is.

Vir Naka is daar dus verlore aansien op die spel en sal nóg 'n nederlaag teen sy halfeindrondeteenstander juis nie goed vir die Mooters se moreel wees nie. Die besoekers kan dus 'n reuse-aanslag verwag, want voor sy fanatiese tuisskare is Naka 'n soveel harder neut om te kraak. Dié ondersteuners hou glad nie van verloor nie en haal met dié benadering die beste uit hul span.

Op hul tuisveld kan Quins-Bobbies die herontmoeting met Centurion gebruik om seker te maak van sy vierde plek op die Superliga-puntelys en 'n halfeindstryd teen UP-Tuks op 4 Augustus. QBR het net een oorwinning nodig om sy deelname aan die halfeindronde te bespreek en hoekom dan langer wag as Saterdag? QBR het juis 'n appeltjie met Centurion te skil nadat hy in die eerste ronde sleg aan die verloorkant was (45-22). Centurion het aan sy kant min om te verloor en kan bekostig om te waag. Dit maak hulle gevaarlik.

■ UP-Tuks se voorbereiding vir die jaarlikse USSA-toernooi kom Vrydagaand in die Tuks-stadion onder die vergrootglas met die Carltonbeker-ligawedstryd teen TUT se eerstes. Ná dié 80 minute sal UP-Tuks se hoofafrigter, Nico Luus, weet of daar nog skaafwerk oor is voor die eerste USSA-wedstryd teen die Pukke op 2 Julie by Wits in Johannesburg. Die Noordwesters was verlede jaar tweede en UP-Tuks voorlaaste, iets wat Luus en sy spelers sal wil regstel.

UP-Tuks is eers weer op 14 Julie in die Superliga in aksie wanneer hy tuis teen Centurion te staan kom. UP-Tuks moet dié wedstryd wen om sy skrale voorsprong op die Carltonbeker-puntelys te behou. Ná vyf wedstryde is hy drie punte voor Naka in die tweede plek. Sowel UP-Tuks as Naka se laaste bepaling in die Superliga is op 21 Julie en omdat die wenner die nuwe Carltonbeker-houer word, word daar nou reeds na dié kragmeting as die 2018-eindstryd verwys.

PEAR

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

DALRO